**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF?*
*Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set
hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVIII — 10 APRIL 1963 — NR. V

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# OORLOG HET JEUG SE VERTROUE GESKOK

**Dr. Van der Walt**

**Die leemte wat daar in die jeug se lewe ontstaan het weens die soektog na nuwe dinge kan alleen gevul word deur Jesus Christus, het dr. Tjaart van der Walt, S.R.-voorsitter van 1956—1957, in 'n toespraak voor Korps gesê.**

Dr. Van der Walt het verder daarop gewys dat die moderne jeug na die Tweede Wêreldoorlog gedisillusioneerd geraak het, en dat dit die verhouding tussen hulle en hulle ouers verbreek het, omdat hulle vertroue geskok was.

Die gevolg hiervan was dat die jeug hulle eie lewe moes opbou om by hulle self aan te pas — sonder die fundamentele rigtingaanwyser egter wat hulle ouers hulle kon bied. Die gevolg dat hulle nuwere waarhede moes soek om aan te pas by die werklikheid en het dus kontak op breë vlak met mekaar probeer soek. Hierdie wêreldse pogings kan egter geen oplossing bied nie omdat alleen Jesus Christus hierdie leemte kan vul.

'n Ere-toekenning is aan dr. Van der Walt gemaak vir die onbaatsugtige dienste wat hy as student gelewer het, veral op die gebied van Korps.

Dr. Van der Walt het matriek geslaag met sewe onderskeidings en het na die Puk gekom in 1950. In 1952 behaal hy die graad B.A. met drie onderskeidings in Grieks, Hebreeus en Latyn. Twee jaar later behaal dr. Van der Walt die graad M.A. met lof in Klassieke Tale op Wits en keer hierna terug na die Puk en skryf in vir Honns. in Semitiese Tale en Th.B. Hy verwerf dan twee jaar later 'n onderskeiding in Semitiese Tale. Vir twee jaar was hy agtermekaar S.R.-voorsitter en hy behaal dan ook Th.B. met lof. In Kampen (Holland) behaal dr. Van der Walt ook sy Doktorsgraad met lof.



*Dr. Tjaart van der Walt*

Dr. Van der Walt was nie net akademikus nie maar het ook vir die Puk se eerste Krieketspan sowel as rugbyspan gespeel en hom in die besonder beywer vir Korps en die A.B.K.K.

## OOSTEHOF WORD „OP HET HOEK"

Die jongste koshuis op die Campus het ook in die afgelope week van naam verander. Hierdie koshuis wat in die begin van die jaar deur die dames betrek is, is amptelik gedoop, Oosterhof, maar het nou die tiperende naam van „Op Het Hoek" verkry.

# NYWERHEDE HET GROOT BLOEI

**Die oprigting van fabrieke in die Bantoegebiede sal nie meebring dat die fabrieke in die Republiek self moet sluit nie, het dr. Anton Rupert in 'n voorlesing oor die erfenis en ontwikkeling van die S.A. nywerheidswese gesê.**

Dr. Rupert het opgetree as een van die vier sprekers in die sesde reeks interfakultêre lesings wat jaarliks deur die Potchefstroomse Universiteit gereël word. Dr. Rupert het gesê dat hierdie gedagte verouderde denke weerspieël.

Soos in die vervloë dae van die Britse Merkantilisme glo sommige Suid-Afrikaners nog dat ons Nywerheidsprodukte moet lewer in ruil vir grondstowwe uit die Bantoegebiede.

Ons ken sulke bangmaakstories goed. In die dertiger jare is daar 'n voldtog gevoer teen die koms van ons eie staalwerke, want as Yskor nie bankrot sou speel nie, sou hy dan kamtig daartoe bydra dat ons nie meer van Engeland kon koop nie en Engeland nie van ons nie. Ons landbouprodukte sou lê en vrot, het hy gesê.

Maar die antwoord was die teendeel. Ons het so baie gekoop dat ons invoerbeheer moes toepas. Ons koop wel nie meer sinkplate en spoorstawe nie maar nou elektroniese materiaal, selfs skepe.

„Ons hoef nie bang te wees om onder te ontwikkel nie wanneer ons weet dat die helfte van die produkte wat vandag gemaak word 25 jaar gelede onbekend was".

Dr. Rupert het gesê dat hy vas daarvan oortuig is dat die



*Dr. Anton Rupert*


sleutel tot die antwoord insake die Republiek se Bantoegebiede net soos die antwoord van Suid-Amerika te vinde is in die beleid van Nywerheidsvennootskap wat sy maatskappy wêreldwyd toepas. Daardie beleid wat behels dat die helfte van sy aandele in 'n takonderneming in elke land aan die burgers van daardie land beskikbaar gestel word, het 'n einde gebring aan die konsep van finansiële kolonialisme.

Amerika het sedert 1945 meer as 30 biljoen dollar weggegee aan hulp aan onderontwikkelde lande, maar hierdie waarheid nog nie geleer nie.

# VREUGDEDAG VOL HOOGTEPUNTE

**Nieteenstaande die gure weersomstandighede wat daar geheers het, is mnr. At van den Berg se voorspelling grotendeels bewaarheid dat vanjaar se Vreugdedag die grootste in die Puk se geskiedenis sal wees.**

Die reën en die koue kon die Pukke se geesdrif nie demp nie en terwyl hulle gewag het dat die weer moet opklaar, het hulle met sang en tipiese studentehumor probeer om die tyd te verdryf.



*At van den Berg*
*Fotokuns.*

Vanweë die hulp van die stadsraad van Lichtenburg kon die vlotbou na 12 nm. onder dak geskied. Dit was 'n lus om te sien hoe die ywerige studente uit die materiaal tot hulle beskikking kunswerke geskep het wat 'n lus was vir die oog om te aanskou.

Dit is egter jammer dat daar verskeie dele van die program heeltemal afgestel moes word (soos bv. die sak-en-as-optog en die sakresies) vanweë die weersomstandighede.

Vrydagaand het die studente op 'n interkoshuisbasis voor 'n groot gehoor van die publiek en mede-studente in 'n konsert opgetree, met Andries Cornelius as seremoniemeester. Wisselende menings is hiervoor gehuldig.

Saterdag se verrigtinge is begin deur die kollektante wat in werklik puik kostuums — wat die van alle vorige jare oortref, deur Lichtenburg se strate gestroom het en die inwoners van hulle oortollige sente beroof het.

Dit is gevolg deur die optog van die vlotte wat werklik puik was. Oor die algemeen was die standaard van die vlotte hoog. Die vlotte waaraan die pryse toegeken is, was die van Heimat en Oostehof, Dawie Dup en Klawerhof.

Na middagete het die Puk se rugbyspanne met die van Lichtenburg gaan kragte meet. Dit het egter hier minder goed gegaan en die eerste span is met 29—10 geklop.

Hoewel alles kleurryk hier geskilder is, is daar tog menings dat sake minder goed was.

## DR. VAN ECK SPREKER OP GRADEDAG

Dr. H. J. van Eck sal volgende kwartaal optree as die hoofspreker tydens die gradeplegtigheid wat op die 27e April op Olënpark geskied.

## DEMOKRASIE DINAMIESE KRAG

Dr. Leyland Boldwin, voormalige professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pitsburg, het onlangs voor die studente van Rhodes verklaar dat demokrasie die mees dinamiese krag is wat die wêreld nog ooit getref het. Hy het verder verklaar dat die verskil tussen 'n totalitêre staat en die demokrasie is, dat die totalarisme die individu verwar terwyl die demokrasie die regte van die individu wil beskerm. Demokrasie is die politieke uitdrukking van balans en dwang.

# EKONOME VERTREK VANMIDDAG

Drie-en-twintig lede van die Ekonomiese vereniging vertrek vandag na Port Elizabeth, vir 'n sosiaal-opvoedkundige toer wat die hele vakansie sal duur.

Mnr. Gregoire Aucamp, voorsitter van die ekonomiese vereniging, het gesê dat met die sosiaal-opvoedkundige doel voor oë, 'n aantal nywerhede waaronder General Motors, Edworks e.a. besoek sal word. General Motors is veral van belang omdat 'n studie gemaak sal word van die wyse waarop die administratiewe afdeling geoutomatiseer is.

Dr. en mev. F. J. du Plessis tree op as reisouers en die groep sal tydens hulle verblyf in Port Elizabeth op Humewood kampeer.

**DIS NUUT**
**DIS BETER**
**DIS GOED**
**NEEM U GRADEDAG FOTOS BY:**
FOTOKUNS
**Tel. 3185**
**Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.**

Wes-Transvaalse

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**KOLLEGE KAFEE**

Gerieflik naby die UNIVERSITEIT.

Ons verskaf ETES

Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958

POTCHEFSTROOM

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidsprep^^^ate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhe^^^e

Ondersteun Oud-Pukke

**Onthou 3091**

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer vir diens!

**DIE BULT APTEEK**

Tomstraat 86

Ons spesialiseer in:

**SUPERETTE**

Tomstraat 100

Potchefstroom

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE, KOMBUISBENODIGDHEDE en GROENTE teen laer pryse.

die Wapad

# Trou aan Suid-Afrika

Die jeug van Suid-Afrika was die afgelope tyd weer onder die soeklig op verskeie geleenthede. Verlede Saterdag was dit eers dr. Anton Rupert tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit van Pretoria en daarna het dr. Tjaart van der Walt weer oor hierdie tema voor Korps opgetree.

Volgens dr. Rupert is daar niks verkeerd met die jeug van vandag nie, behalwe dat hulle deur die ander burgers van die gemeenskap onderskat word. As die jeug laat voel word dat hulle benodig word, sal daar nie tyd wees om van 'n „verlore jeug" te praat nie, het dr. Rupert gesê. Wat ons in Suid-Afrika nodig het is mense wat nie so oor gespesialiseerd is dat hulle hul individualiteit verloor nie, maar mense wat in staat is om die kennis wat hulle gister opgedoen het, weer vandag en in die toekoms te gebruik. Dr. Van der Walt het dit egter duidelik gestel dat Christus steeds die middelpunt van ook die jeug moet wees.

'n Derde geval waar die jeug ter sprake gekom het, was die toespraak van sy edele die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, wat hy voor die studente van die Stellenbosche studente gelewer het. Ook hy het die moeilike taak wat die jeug vandag het geskilder.

Wat is dit wat dan die jeug van Suid-Afrika so vinnig onder die soeklig laat kom het dat daar binne die kort tyd van tien dae soveel toesprake oor hulle gehou is? Is dit die gevoel van gevaar wat die afgelope tyd so sterk op die voorgrond getree het of was dit maar blote geleentheidstoesprake. Dit is moeilik om te bepaal, maar dit staan vas dat die jeug van Suid-Afrika vandag voor groot krisisse te staan gekom het waarvoor ons ons oë nie kan sluit nie.

'n Ding waarteen die jeug vandag veral moet waak is om 'n klasseverskil in Suid-Afrika te skep. In hierdie opsig bedoel ek die feit dat daar vandag 'n kloof besig is om te ontwikkel tussen die studerende en die werkende jeug. Hierdie kloof kan toegeskryf word aan verskillende faktore. Die vernaamste is seker dat die twee groepe verskillende uiteenlopende belange het. Vir die studente is die lewe aan die universiteit te druk om hulle aandag nog te wy aan die dinge waarin die werkende jeug belang stel. Maar ons kry die toestand dat die jeug wat hulle bekwaam het op die universiteit nadat hulle die universiteit verlaat het, in die meeste gevalle ook nie met die jeug meng nie wat nie die geleentheid gehad het om hulle aan 'n universiteit te bekwaam nie. So word 'n intellektualistiese hoogmoed geskep wat 'n groot gevaar inhou vir die volk van môre.

Die woord intellektualis word vandag byna as skeldnaam gebruik. Dit hou 'n verdeling in vir die volk van die toekoms. Daar moet 'n kontakpunt gevind word en as daar kontak gemaak is moet daar lewende bouwerk plaasvind. Suid-Afrika het die jeug van vandag bitter nodig. Die toekoms gaan groot eise aan ons as volk stel om te bly voortbestaan. Wat vandag gedoen word gaan die volk van môre die meeste raak.

Laat ons vandag saam staan. Laat ons saam staan as die jeug van Suid-Afrika ongeag van geleerdheid of taal, solank ons dieselfde ideale voor oë het. Maar in hierdie eenheid mag ons nie ons karakter as Christenvolk verloor nie. Christus moet steeds die middelpunt van ons denke wees. Ons moet nie vaskyk teen 'n enge drang om selfbehoud nie maar ons moet die Godgegewe taak aan ons steeds voor oë hou. Ons moet steeds daaraan dink dat ons die planters en die uitbouers van die Christelike geloof in Suid-Afrika moet wees.

**In U Lig**

# Gebedsvolharding

*Ex. 17 : 11: En telkens as Moses sy hand ophou, was Israel die sterkste; maar as hy sy hand laat sak, was Amalek die sterkste.*

Waarom bid u?
Wat beteken die gebed vir u in u lewe?
Besef ons nog werklik dat daar 'n ryke krag in die gebed opgesluit lê? Bid sonder ophou. Dit was die woorde van die apostel Paulus aan Thessalonica wat moes stry teen sware vervolging en onderdrukking. In hierdie stryd was daar vir hulle net een wapen en dit was die gebed. Daarsonder is die stryd verlore. Alleen deur gebedsvolharding kan die stryd gewen word! Dit is die belangrikste wapen van die gelowige!

Dit moes Israel ook leer uit die stryd teen Amalek.
So sien ons dat Moses op die heuwel geklim het met die staf van God in sy hand. Dat Moses op die heuwel gebid het, word vir ons nie gesê nie. Hy roep wel die Here se hulp in, maar met die staf van die Here. En nou sien ons dat wanneer Moses sy hand met die staf omhooghou, dan daal daar krag van God op Israel en verswakking oor die vyand, sodat Israel die sterkste was. Maar wanneer sy arms swaar word en swak weens oorspanning, dan is Amalek die sterkste. Israel moes leer dat die geestelike wapen in die heilige oorlog beslis.

Hierdie handeling van Moses het 'n simboliese karakter gedra. Aan die staf het God sy magtige dade verbind en die verheerliking van sy Naam teenoor sy volk en hulle vyande. Die ophef van die staf was 'n pleit op God Self, op sy welbehae oor sy volk op sy grote Naam, op sy onveranderlikheid. Met die ophef van die staf spreek hy die wens uit dat die Here sy wonders moet voortsit.

En nou het die omhooghou van die staf eenvoudig dit beteken: aanhou in die gebed. En die laat sak van die hande, insinking en verslapping in die gebed. Alleen deur gebedsvolharding kan die stryd gewen word. Hulle moes leer dat hulle hul in die stryd nie soos die volkere van die wêreld op militaristiese en imperialistiese glorie beroep nie, maar dat God die oorwinning afhanklik stel van die kragsontplooiing in die gebed.

Ons staan ook vandag nog midde in die stryd. Hierdie stryd teen Amalek het 'n simboliese betekenis. Dit was hier Kain teen Abel, Esau teen Jakob, Satan teen Immanuel. Hoewel die Nieu-Testamentiese kerk reeds agter die sentrale oorwinning op Golgota staan, sien dit uit na die voleinding, maar stry ook mee vir die voleinding. En die stryd sal al moeiliker word, want by die wederkoms van Christus sal die wêreldmag op sy sterkste wees en sal hy 'n laaste poging aanwend om die volk van die Here van die aarde af uit te roei.

En in ons tyd sien ons reeds die anti-Christelike magte al dreigender naderkom, en dit is asof onsekerheid die mensdom omknel. In hierdie stryd staan ons nie geïsoleerd nie, maar is ons ook soldate. Soldate van Jesus Christus. En wat is nou u wapen?

Alleen deur gebedsvolharding kan die stryd gewen word. Dit het ons gesien is die belangrikste wapen van die gelowige. Is dit ook u wapen? Bid ons nie maar alleen wanneer ons so voel nie? Maar ook is hier vir ons as gelowiges 'n groot troos weggelê. 'n Heerlike sekerheid teenoor die onsekerheid van die wêreld. Daar op die heuwel het Moses iets van die heerlikheid van Christus as Middelaar van die verlossing en die voorbidding gedra. Soos die oë van Israel na Moses gerig was daar op die heuwel so kyk ons teen die kruis op Golgota vas. Soos Moses die staf in die hoogte gehou het, so toon Christus homself aan die Vader. In Hom ken God sy volk as die volk van sy ewige welbehae. Ken Hy sy volk soos hulle in die Seun met Hom versoen is. Deur die lyde en sterwe van Christus geregverdig deur die Gees van Christus geheilig. Christus is die ware Moses met opgehewe staf wat ook vir ons bid en vir ons stry. Waar ons tekort skiet daar tree Hy in.

Daarom bely u sondes en swakhede voor Christus. Hy sal vir u bid en vir u stry. As u ook die banier volg dan het u niks te vrees nie. Dan word alle onsekerhede en angste vir ons opgeklaar, want hy sal die nagedagtenis van Amalek geheel en al uitdelg by sy wederkoms en sal Hy ons na die aardse stryd opneem in sy heerlikheid.

„VLEIS PASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . . "

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**Transvalia Meubels**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

# Warm uit die Oond



**Dit is die blond, dis die blou,**
**Dis die geskommel van 'n trein**
**waar die Pukke van hou.**

In my ganse lewensbestaan van een dekade het ek nog nie so 'n vreugdevolle jollery, soos op die trein na Lichtenburg belewe nie. Die soontoe gekarring was 'n ottertjie teen die herwaartskering. Og vrinne en vrindinne, wat 'n konsternasie was dit op Cachetstasie! Nog nimmer was daar groter chaos nie.

Wie sou nou in der ewigheid kan reken dat die gelektrifiseerde mobiele spykereenheid so skielik op Cachet sou briek. Juis nie die naasbesittendes nie, want foei, hulle het dan so vry en sorgeloos saam gezijn dat alles meteens uit die sluimerende voertuig moes peul, ja van pêrrevelle en slepe tot pajamas en reisouers.

Ewenwel vrinne, nou moet ek glo verlore goeters help opgrawe en uitkrap, alles goeters wat druk benodig worre.

Ou Petrus de Klerk vra of 'n siel nie miskien sy paar skoene gesien het nie, hy het 'n misstap gehad en toe stap hy uit hulle uit.

'n Noodgeval, arme Piet van der Schyff se lang rooi flennie Napoleon is geskaak. Een van die dames gebruik dit glo vir 'n sweetpakbroek en nou het hy romantiek.

Iemand het Quax Hakkesteeg se valstande geleen, en nog nie terug gebring nie. Bring die se blief tog gou terug, want sy meisie sê hy lyk soos 'n grot sonder vlêrmuise.

'n Bekende figuur soek sy snor, daar word vermoed dat Sarie Fourie hom gebruik om haarself mee te kielie (met die snor, nie met die ou nie).

Die geblomde shortie pajamas wat soek was is nog weg. Koos Voster oefen egter rugby in sy slaap met so 'n oulike rugbybroekie.

Jurie Venter se Treintjie is clean gone. Die spoortjies is al opgespoor, maar nog nie die enjintjie nie. Dis vreeslik ernstig want nou sit Jurie sonder 'n speeldingetjie.

'n Vroulike skim het Baas Buys se hart geskud. Daar word glo tamboeragtige kloppings in Oosterhof gehoor.

Koos Hattingh se kruisbande is verlore. Nou sluk hy elke oggend 'n nikkerbôl in om sy broek op te hou.

Ek ben gedaan met die saak vrinne. Alle gevonde goeters moet maar by my ou kleinhuisie op die soom van die Laventelbosse, so 'n slap regse draai van Over de Voor af, ingekarwye word.

Wat 'n probleem: Heimat en Paradys wil mos kys. Alte jammer hulle kan glad nie want hulle het een ma. Die slepe gaan glo ophou tussen die twee wonings want broers en susters kan en mag nie sleep nie.

> **GELUKWENSING**
> Hiermee wil die redaksie van Die Wapad graag mnr. Jan Bradley. die Variaredakteur van die Wapad, gelukwens met sy kys. Ons verneem dat hy maar moeilik gehad het om iemand te kry wat by sy lengte sal aanpas. Op die Campus is daar seker nie 'n dame wat veel kleiner as Janita du Plessis is nie, met die gevolg dat sy toe die slagoffer was. Ons hartelike geluk julle twee.

Onze ou gemeenskappie is oorstroom van liefdevolle sielevreugde, want kyk net vir klein Schalkie Sevenster en Mara Kotze. Hulle maak al reg vir die winter.

Hennie Viljoen hou mos Elna Bosch se handjie styf vas. Haar ringetjie is glo 'n bietjie groot en nou keer hy dat dit nie uitval nie. Hulle het hulle kys van Lichtenburg af gebring.

Prof. Smit het mos so 'n bakgawe groen kruiwagen. Hy kom mos so ewe elke aand by Kulu aangery met Dave Smit en Rheda Knobel op die agterste sitplek. Dave leer haar glo die fynere kunsies ... van motorbestuur.

Noodgeval uit Over de Voor. Baas Buys het sy been in Oosterhof gebreek. Die geverfonkfaaide stuk anatomie word deur Magdaleen Schutte vertroetel. Hy kry ook elke aand 'n Doepa Pilletjie. Dit help Schutterend.

Jerrie le Roux en Sarie Barnard sleep in die privaat, hy dink glo al aan 'n klippie van honderd karaat. Sy moet hom net 'n breek gee om in die privaat te praat. Sprag de woord ou Bees.

Dit skyn asof Koos Hattingh die breker, koshuisvader is van Thaba Jäh, want (Hettie Kruger is onder sy vaderlike sorg) hy hou Hettie in sy twee sorgsame vaderarms.

David Labuschagne en Elsabé Kruger sleep knaend. Ons dink hulle is al 'n hele ruk stil, stil verkys. Dis blykbaar 'n groot geheim, want die saak is in die aande van 6.30 tot 7.30 ondergronds.

Karien Venter se lieflingskleur is mos rooi. Nou tokkel sy op Rooi Dirk Bosman, haar plascon held, se hartsnaar haar liefdesliedjie uit. Tog te skattig!

Baie geluk met al die kyse en alle voorspoed met die stywe slepe.

Vrinne, ou Jaffie wens julle toe 'n rustige ou naweekvakansietjie. Dink aan julle slepies en los andere uit julle grepies. Manne wil julle, julle slepe behou, laat groei dan snorre, want 'n ou met 'n snor soen soos wanneer 'n mens sop met 'n vurk eet, jy kry nooit genoeg daarvan nie.

Laat dit met julle B.G. goed gaat.

Totonsweersiens,
Jaffie Wakis.

## PETER FRANKEL LEWER PUIK UITVOERING

In 'n sprankelende uitvoering het Peter Frankel Woensdagaand 27 Maart sy konsertreeks in die Republiek ingelui. Die konsert is in die Konservatoriumsaal onder beskerming van die Raad van die P.U. vir C.H.O. aangebied.

Peter Frankel is 'n verbasende ryp kunstenaar en beskik oor 'n uiters behendige tegniek. Nieteenstaande sy eie vermoeëns laat hy aan elke werk wat hy vertolk ten volle reg geskied. Hy besit die vermoeë om die musiek sy eie taal te laat spreek sonder om homself as pianis op die voorgrond te stel.

Die uitvoering van Beethoven se Sonate Opus III was ongetwyfeld die musikale hoogtepunt van die aand. Die gehoor was so begeester deur die puik spel dat die pianis drie toegifte moes lewer.

## A.S.B.-SANGWEEK JUNIE-MAAND

Die departement van Kulturele Aangeleenthede van die A.S.B. stel 'n sangweek gedurende die Julievakansie in die vooruitsig. In 'n onderhoud met mnr. Paul Kruger, direkteur van Kulturele Aangeleenthede van die Hoofbestuur van die A.S.B. het hy verklaar dat die week na afloop van die kongres by die Hartebeespoortdam gehou sal word. Die koste beloop ongeveer vyf rand per persoon.

# Van Gogh-uitstalling groot sukses

**'n Dokumentêre uitstalling van die beroemde Nederlandse skilder, Vincent van Gogh, is Maandag 25 Maart deur prof. G. Dekker in die personeelkamer van die Ferdinand Postma-Biblioteek geopen.**

'n Skitterende lesing oor die lewe van Van Gogh is Maandagaand in die lesingsaal van die Plantkundelaboratorium deur mnr. J. B. Braaksma gelewer. Mnr. Braaksma, van die Nederlandse Ambassade, het verklaar dat hy sy uiterste bes doen om die oorspronklike werke van Van Gogh na Suid-Afrika te laat kom.

Hy het verklaar dat Van Gogh in nege jaar sowat duisend tekeninge en agthonderd skilderye voltooi het. Hoewel Van Gogh in armoede gesterf het, is een van sy skilderye na sy dood vir R400,000 verkoop.

Donderdagaand het prof. G. Dekker opgetree met 'n voorlesing oor „Die plek van Van Gogh in die ontwikkeling van die skilderkuns".

Die uitstalling het van Maandag tot Saterdag 30 Maart geduur.

## Vergelyking van studentegetalle

Die redakteur van die Perdeby, die Studenteblad van Pretoria, gee in die jongste Perdeby 'n interessante vergelyking van die groot universiteite oorsee. Die volgende is dan die tabel wat hy verstrek:

| *Inrigting* | *mans* | *dames* | *totaal* | *dosente* |
|---|---|---|---|---|
| Indiana U | 9,703 | 5,433 | 25,531 | 969 |
| Iowa State C | 7,555 | 1,584 | 9,503 | 606 |
| Ohio State U | 15.302 | 6,097 | 23,164 | 1,370 |
| Pennsylvania | 12,576 | 3,842 | 19,869 | 1,199 |

Die syfers toon dat in al die gevalle die dames in die minderheid is.

In Suid-Afrika is tussen 9—10% van die blanke 21-jariges aan universiteite. Dit is na berekening die maksimum wat potensiaal in staat is om 'n universiteit te besoek.

## PUKKIE-VERKOPE SOVER OOR DIE 13,000

Volgens die redakteur van die Pukkie, mnr. Louw van Wyk, staan die verkope van die Pukkie op die oomblik oor die dertien duisend. Die presiese getal kan egter nie bepaal word nie aangesien die verkope nog lank nie verby is nie. Daar bly egter nog ongeveer tien duisend van die Pukkie oor wat nog in die komende vakansies verkoop moet word.


**Besoek ons vir u Gradedag fotos**

★

**BEYERS CLAASSEN**
**Alleen Lombardstraat**

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95** **Telefoon 1164 & 497**
**Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**

Cachet Modes

**(EDMS.) BPK.**

**TOMSTRAAT 92** **TELEFOON 1389**

**POTCHEFSTROOM**

★

Mooi wintermateriaal

★

Nomotta-wol in voorraad

# PROF. RYKE LEWER INTREEREDE

**Prof. P. A. J. Ryke, professor in die departement Dierkunde en hoof van die Dierkundige Navorsingsinstituut aan die P.U. vir C.H.O., het op Vrydagaand 5 April sy intreerede in die Totiussaal gelewer. Prof. Ryke is reeds sedert 1946 aan die Puk verbonde.**

In sy rede wat gehandel het oor die „Radioaktiewe stowwe en hulle betrekking op die bestaansvoorwaardes van diere", het prof. Ryke gesê dat radioaktiwiteit voordelig en nadelig op organismes kan inwerk. Soogdiere is die mees vatbare en kan selfs kanker daardeur opdoen.

Die gevaar bestaan veral dat radioaktiewe stowwe deur voedselkettings opgeneem word. Die mate waarin mens en dier getref word hang af van die energie en die afstand van die radioaktiewe bestraling van die stowwe.

Prof. Ryke is verder uitgenooi om gedurende September vanjaar met 'n lesing op te tree voor die eerste internasionale Kongres i.v.m. akasologie wat in Colorondo, V.S.A. gehou word.



*Prof. dr. Ryke*

# Skietvereniging vind groot byval

**'n Skietvereniging is onder blyke van groot belangstelling verlede Donderdag op die P.U. vir C.H.O. gestig. 'n Groot aantal studente het die stigtingsvergadering bygewoon.**

tergelegenertyd by die S.R. aansoek gedoen sal word om onder die patronaatskap van die S.R. te staan. Laasgenoemde was wel die geval met die eertydse skietvereniging wat in 1940 weens die oorlog doodgeloop het. Die lede sal self later hieroor besluit.

Dr. Schoeman het dr. Van Deventer as president voorgestel en die volgende bestuur is vervolgens gekies:

Ere-president: Dr. G. G. J. van Deventer.

Voors.: Daan van der Merwe.
Sekretaris: Kassie van der Walt.
Penningm.: Paul Buys.
Add. lede: Mej. Barbera Geertsema en Jan Ras.

Volgens mnr. Van der Merwe sal daar by die Polisie en Weermag aansoek gedoen word vir die leen van vuurwapens en die gebruik van die skietbaan.

Dr. G. G. J. van Deventer, 'n plaaslike tandarts en kaptein van die Springbokskietspan na Rhodesië het die vergadering toegespreek. Hy het op die noodsaaklikheid van die beoefening van die skietkuns gewys. Dit bevorder nie alleen selfdissipline en 'n buitegewone onderlinge kameraadskap nie, maar dit is ook nodig vir die beveiliging van die individu.

Mnr. Daan van der Merwe het gewys op die moontlikheid dat daar voorsiening gemaak sal word van die stigting van 'n klub waar met .303, .22-geweer en .22-pistool geskiet sal kan word.

'n Probleem wat egter opduik is oor die aard van die klub, dit wil sê of dit onder die Weermag moet resorteer en of daar

## TUKKIES KEN 1,279 GRADE TOE

Die universiteit van Pretoria het die 23e Maart, tydens hulle jaarlikse gradeplegtigheid 'n totaal van 1,279 grade en diplomas toegeken wat die rekordsyfer van verlede jaar met 91 oortref. Dit was ook die eerste geleentheid dat 'n M.B. Ch.B. toegeken is aan 'n persoon wat die volle duur van sy studies op Pretoria gestudeer het. As sprekers tydens die plegtigheid het opgetree dr. Anton Rupert en dr. Wim Nicol.

## DAWIE DUP WEN BEKER IN VASVRA

In die finale ronde van die vasvra wat op Donderdagaand 4 April geskied het, het Dawie du Plessishuis die trofee verower wat deur mev. Ingram geskenk is.

Die verteenwoordigers van Dawie Dup was mnrr. G. H. J. Krüger, G. Gerber, G. Aucamp en D. Herbst. Hulle het aan die einde 'n puntetelling van 39 gehad teenoor die 36 van Over de Voor wat verteenwoordig is deur C. Putter, G. Scholtemeijer, J. Venter en F. van der Walt. Heimat wat derde was, het daarin geslaag om 32 punte te kry.

Aan die einde van die vasvra het mnr. F. A. de Villiers, in die afwesigheid van mev. Ingram die trofee aan Dawie Dup oorhandig.

## Volkspelers toer die vakansie in Pongola

Op Maandag 18 April vertrek die Volkspelelaer van die Puk onder leiding van mnr. Klaas Heystek, na Pongola vir 'n volkspele en sangtoer.

Die toer sal vyf dae duur en sal benewens volkspele ook 'n besoek aan die Hluhluwe Wildreservaat insluit. Verder sal daar ook 'n serenade gereël word vir die gashere waar die toerlede gaan tuisgaan. Maandagaand sal die laer optree saam met die volkspelelaer van Pongola terwyl daar Dinsdagaand 'n massa volkspeleaand sal wees.

As reisouers tree oom Danie Grové en sy vrou op terwyl mnr. Johan Aucamp die S.R.- en Senaatsverteenwoordiger sal wees.


STUDIE of PLESIER?

*ONS SAL U TOER VIR U REëL — IN DIE BUITELAND OF BINNELANDS.*

ONS DIENSTE IS GRATIS

LUG — SEE — PAD

*RAADPLEEG ONS EERS!*

*DIT KOS NIKS EKSTRA NIE*

POTCHEFSTROOMSE REISBURO

Kerkstraat 150 Tel. 1425

POTCHEFSTROOM





TREINBESPREKINGS — — HOTELBESPREKINGS

*U is altyd welkom by ons kantoor — Gratis pamflette beskikbaar.*

## SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË BIED DIE VOLGENDE AANTREKLIKE LOOPBANE AAN GEGRADUEERDES:

| *Indien in besit van:* | *Aanvangsalaris* |
|---|---|
| Assistent-ingenieur: B.Sc. Ing. | R2,100 p. j. |
| B.Sc. B. Ing. (Stellenbosch) | |
| M.Sc. | R2,250 p. j. |
| M.Ing. (Stellenbosch) | |
| Ph.D. | |
| D.Sc. | R2,400 p. j. |
| Metaalkundige/Skeikundige: | |
| B.Sc. | R1,950 p. j. |
| Hons.-B.Sc. | R2,100 p. j. |
| M.Sc. | R2,250 p. j. |
| Bestekopmaker: | |
| Diploma Bourekening | R1,950 p. j. |
| B.Sc. Bourekening | R2,100 p. j. |
| M.Sc. Bourekening | R2,250 p. j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar): | |
| 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p. j. |
| 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietyperk van vier jaar vereis | R1,650 p. j. |
| 'n Magistersgraad | R1,875 p. j. |
| 'n Doktorsgraad | R2,025 p. j. |


Nadere besonderhede kan van die Hoofbestuurder, kamer 38, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.






SPAN WÊRELDWYD DIE KROON



Dubbele genot: koningsformaat, luukse filter, uitsoektabak

KSF 274A


## VERSNELLER BY WITS OUD-MODIES

„Die nuwe kernversneller by die Witwatersrandse Universiteit is oud-modies en behoort so gou moontlik vervang of aangevul te word", het prof. D. H. Wilkinson, wêreldbekende kernfisikus, gesê.

Prof. Wilkinson, wat die Republiek as gas van die Witwatersrandse Universiteit besoek en die versneller op 19 April amptelik in gebruik stel, het verder gesê dat hy reeds in 1943 met hierdie versneller by die Cambridge-universiteit gewerk het en dat die versneller se nut nou so beperk is dat dit onekonomies is vir 'n land van Suid-Afrika se grootte en potensiaal om dit aan te hou.

Prof. J. P. F. Sellschop, kernfisikus aan die Witwatersrandse Universiteit, het gesê dat hy saamstem dat die versneller oudmodies is, maar die universiteit het dit gekry teen 'n baie billike prys van die Cambridge-universiteit. Hy wou nie sê wat vir die versneller betaal is nie, aangesien die verswyging van die prys 'n koopvoorwaarde is.

## A.S.K. BESOEK A.S.B.

Die Afrikaanse Studenteklub van Wits, onder die voorsitterskap van mnr. Roux Wildenboer, sal die gaste wees van die plaaslike tak van die A.S.B. Hierdie samekoms sal net na die vakansie geskied. Tydens die byeenkoms sal daar 'n simposium gehou word tussen die gashere en die gaste.

# P.U. beoog nuwe studierigting

**Die Potchefstroomse Universiteit wil met 'n heeltemal nuwe studierigting begin — die opleiding van landbounavorsers met, indien moontlik, die hulp van die landbounavorsingsinstituut van die Potchefstroomse Landboukollege.**

Sommige van hulle kry daar ook sulke goeie betrekkings dat hulle nie na hul vaderland terugkeer nie.

### Vraestelle

Afgesien van die invoering van mikrobiologie sal die voorgraadse studie van die basiese biologiese wetenskappe nie gewysig word nie. Die spesialisering kom eers in die nagraadse studiejare wanneer sekere vraestelle buitendien nog aan basiese gevorderde studie gewy sal word.

Die hoop bestaan dat die Universiteit met die Departement Landbou-tegniese Dienste tot 'n ooreenkoms sal kan raak ingevolge waarvan sekere van die Departement se puik navorsers 'n paar lesings per week vir gevorderde P.U.-studente sal kan behartig.

Met die oog op die instelling van die nuwe kursus het die Raad verder besluit dat higiëne II en higiëne III moet verval nadat die studente wat tans vir hierdie kursusse ingeskryf is, hul studie voltooi het. Na verklaring stel nie slegs die landbou in die nuwe rigting belang nie, maar ook sekere nywerhede, die farmaseutiese bedryf en selfs mediese navorsers.

As noodsaaklike eerste stap in hierdie rigting het die Raad pas goedkeuring daaraan verleen dat mikrobiologie met ingang 1965 as selfstandige tweejarige hoofvak in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied sal word. Die P.U. sal dan die enigste universiteit in die Noorde wees wat mikrobiologie as selfstandige hoofvak aanbied en nie as deel van 'n ander studierigting nie.

Na verneem word lewer die reeds bestaande landboufakulteite aan die Suid-Afrikaanse universiteite, voorlopig altans, voldoende voorligtingsbeamptes vir die oogmerke van die Departement Landboutegniese Dienste en Voorligting.

### Navorsers

Daar is egter 'n groot tekort aan gevorderde navorsers wat op die gebied van plantsiektes, planteteelt, entomologie, grondbiologie, landbouchemie, bodemkunde en dierevoedingsleer gespesialiseer het.

Daar is voortdurend 'n aantal jong Suid-Afrikaners in bv. die Verenigde State, waar hulle kostelike navorsingswerk vir die Amerikaners doen, tot sekere hoogte tot skade vir Suid-Afrika.

# J.V.'s hou kongres

**Hoewel die meeste studente reeds vanaand vertrek en die ander almal teen môreoggend die Puk sal verlaat het, sal die kampus van die Universiteit geensins stil word nie.**

Hoewel die meeste studente reeds vanaand vertrek en die ander almal teen môreoggend die Puk sal verlaat het, sal die kampus van die Universiteit geensins stil word nie.

Die Bond van Jongeliede Verenigings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sal eerkomende naweek hulle jaarlikse kongres hier hou. Die meeste van die kongresgangers sal in die koshuise op die Puk tuisgaan.

Tydens die kongres sal drie lesings gehou word — deur dr. S. C. W. Duvenage, prof. S. P. van der Walt en dr. P. J. Meyer.

## NUWE LEKTOR

Dr. J. Dekker, seun van prof. J. J. Dekker, hoogleraar aan die U.O.V., tree op 1 April as lektor in chemie by die Potchefstroomse Universiteit in diens. Dr. Dekker het twee jaar gelede met onderskeiding in die organiese chemie in Duitsland gepromoveer, waarna hy 'n tydlank aan die W.N.N.R. verbonde was. Daarna het hy as navorser na Sasolburg gegaan.

## A.S.P.U. GROEI NOG STEEDS

Die A.S.P.U. toon in 'n verslag oor die gebeure van die afgelope paar maande dat hy steeds vinnig groei.

In die verslag word gemeld van die sukses wat reeds behaal is om kontak vir die lede van die Persunie aan te knoop.

Belangrike ontwikkeling lê egter voor. Julie-maand, nadat die Unie slegs 'n jaar oud sal wees, begin hulle met die uitgee van hulle eerste publikasie. Hiermee sal al die verskillende redakteurs saamwerk en word uitgegee tydens die A S.B.-kongres. Na afloop van die kongres word daar beoog om nog 'n blad uit te gee wat die hele kongres sal dek.

## POTE NOOI A.S.B. UIT

Die A.S.B.-tak van Potchefstroom Onderwysers Kollege, het die tak van die A.S.B. van die Puk uitgenooi vir 'n intertee saam met hulle.

# Konservatorium beoog vyf konserte

**Vyf meesterkonserte (Peter Frankel, die Hongaarse klavierspeler, het reeds Woensdagaand 27 Maart opgetree) word deur die Konservatorium gedurende die 1963-seisoen in vooruitsig gestel.**

Nellie du Toit, die welbekende Suid-Afrikaanse oratoriumen liedcresangeres van internasionale status tree op 10 Mei op. Die Hongaarse Strykkwartet, wat reeds hier in die Konservatoriumsaal opgetree het en 'n diep indruk gemaak het, kom op 7 Junie aan die beurt.

Op 27 Augustus tree die Franse Blaaskwintet, die beroemdste ensemble van sy soort in die wêreld, op. Hierdie vyf briljante spelers sluit in die fluitspeler Rampal en die hobospeler Pierlot — beide van wêreldstandaard. Die laaste van die vyf konserte, die Trio Santoliquido tree in Septembermaand op. Hierdie Italiaanse klaviertrio het gedurende die na-oorlogse jare 'n groot naam verwerf en gee konserte in alle kontinente.




**Dit is die snit wat tel . . .**

- ★ Alba Broeke
- ★ Mentone Pakke
- ★ Monatic Hemde
- ★ Battersby Hoede
- ★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1

# Klerksdorp trek vraagteken agter Puk se fiksheid

**In 'n wedstryd wat dit duidelik aan die lig gebring het dat Theos nog nie so fiks is as wat hulle behoort te wees nie, het Klerksdorp daarin geslaag om die eerstespan met 14—9 te klop.**

Op 'n swaar, sopnat veld, was die wedstryd oor die algemeen taamlik saai en albei spanne het gereeld die voet ingelê. Dit was dan ook deur 'n skepskop aan die kant van die losskakel van Klerksdorp wat die wenpunte aan hulle besorg het.

Die spel het deurgaans baie gelykop verloop en tot op die einde kon enige span nog gewen het. Die eindfluitjie het dan ook geblaas met die Pukke knaend op die aanval op hulle teenstanders se doellyn.

### SPekkies de Villiers

Die hoogtepunte van die dag het albei van die kant van die Pukke gekom. Eers het Spekkies de Villiers, wat stewig vertoon het totdat hy beseer is, 'n reusestrafdoel vanaf sy eie tientreelyn, uit 'n redelike hoek oorgeskop. 'n Rukkie later het Johan Serfontein 'n pragdrie aangeteken wat op sy eie doellyn begin is. Die ander punte van die Puk is ook aangeteken deur De Villiers met 'n strafdoel.

### Jan Kruger

Die proefneming met Jan Kruger op losskakel was 'n sukses. Hoewel hy vir die eerste keer met skrumskakel Raman saamgespeel het, het hy goed vertoon onder moeilike omstandighede. Verdere uitblinkers was Koos Hattingh en Tromp onder die voorspelers, terwyl Rademan op senter getoon het dat hy groot belofte inhou.

### Navy

In die voorwedstryd waarin Gieter van der Walt skitterend vertoon het, het Navy vir Klerksdorp met 11—3 verslaan. Om in die toekoms tussen Van der Walt en Raman te kies as die skrumskakel vir die eerste span gaan geen maklike taak wees nie. Fires is met 17—3 verslaan terwyl Tekkies met 11—8 geseëvier het.

# KRIEKETSPAN HERSTEL

Die Krieketspan van die Puk het die afgelope week die seisoen se bepalings van die jaar afgesluit met twee mooi oorwinnings teen Weermag en Western Reefs.

As die afgelope seisoen in oënskou geneem word dan sien ons dat die Pukke baie goed begin het met die oorwinning teen Ukovs. Selfs ook in die begin van die liga het hulle redelik goed gevaar. Namate die seisoen verloop het, het die span swakker gevaar wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die swak belangstelling wat hierdie klub geniet het.

Daarom is die herstel wat hierdie span teen die einde van die seisoen getoon het soveel te meer merkwaardig. Die wedstryd teen Weermag het die Pukke gewen met sewe paaltjies terwyl die wedstryd teen Western Reefs uitgeloop het op 'n oorwinning van sestig lopies vir die Pukke. Die eerste beurt het aan die Pukke 'n voorsprong van twintig lopies besorg. In die tweede beurt het die Pukke hulle voorsprong vergroot. Hierdie mooi vertoning van die kolwers is opgevolg deur die boulers. Hier het veral kaptein Vorster, Snyman en Scholtemeijer gepresteer.

Deur hierdie oorwinnings het die Pukspan opgeskuif na die vyfde plek op die liga.

# LICHTENBURG OORROMPEL DIE PUK

**Na 'n hele twee dae van uitputtende Vreugdedagbedrywighede, was die eerste span van die Puk net nie bestand teen 'n goed gebalanseerde vyftiental van Lichtenburg nie en is met 29—10 kafgedraf.**

Hierdie wedstryd het drie kenmerke gehad. In die begin het Lichtenburg deur ons agterlyn gehardloop en negentien punte ingesamel in twintig minute. Daarna het die Pukke 'n oplewing getoon waarin hulle tien punte aangeteken het. Daarna het die derde periode gevolg toe die gewig van die voorosse van die Lichtenburgse span te veel in hulle guns getel het en die wêreld vir die Pukke begin warm maak het.

Op die paviljoene was daar egter 'n semi-intervarsitygees en telkens het die skare op die paviljoen lustig aan die sing geraak.

In die voorwedstryde het Navy 3—3 gelykop gespeel. Fires met 12—3 verloor en Tekkies met 13—3 geseëvier.

## CAMBRIDGE-OXFORD TOERSPAN GEPLA

Die gekombineerde toerspan van Cambridge en Oxford wat later vandeesmaand op 'n toer deur Afrika kom, is 'n rukkie gelede heftig aangeval deur politici omdat hulle na Suid-Afrika ook kom.

Die kaptein van die span het egter verklaar dat hy en sy span hulle nie steur aan die gerugte nie. Want, het hy gesê, rugby en politiek is twee dinge en hulle kom om rugby te speel.


## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Die wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk, eienaars en uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

# ATLETE VERTOON GOED OP PRETORIA

**Die handjievol Puk-atlete wat op 23 Maart na die Noord-Transvaal atletiekkampioenskappe op die Pilditchstadion afgereis het, het hul goed van hul taak gekwyt en in 'n lastige dwarswind heelwat verbeter op vorige prestasies.**

Die beste vertoning is gelewer deur jong Willie Coetzee wat in die oggend met die junioritems die Noord-Transvaal rekord vir die 120 tree hekkies




*Hentie Joubert*
*Fotokuns.*

seuns onder-19 geëwenaar het met 'n tyd van 14.5 sek. As in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse rekord in die item 14.4 sek. is, kan verwag word dat die Suid-Afrikaanse rekord binnekort gaan spat. Willie was verantwoordelik vir nog 'n goeie vertoning toe hy 'n tweede plek gehaal het in die 220 tree hekkies vir seuns onder-19 met dieselfde tyd as die wenner, naamlik 24.5 sek.

Pietman Botha het ook pragtig gehardloop in daardie veeleisende item, die 440 tree hekkies, om 'n tweede plek te behaal, na Neil McDonald, met 'n tyd van 54.2 sek. Hoewel Hentie Joubert tevrede moes wees met 'n tweede plek in die 440 tree, kan die volgende tweestryd tussen hom en Piet van Wyk van Weermag altwee atlete tot groot hoogtes voer. Hentie se tyd was 48.7 sek.

Die enigste dameslid in die span, Elrene van Deemter, het 'n goeie verbetering op haar vorige beste prestasie in die 80 meter hekkies getoon toe sy haar tyd afgebring het na 12.4, 'n verbetering van .3 sek. op haar P.U.-rekord.

Leendert Snyman in die myl en Fanie Heystek in die driemyl het ook stewig vertoon en sal op die Dalrymple deeglik van hul laat hoor.



*Willie Coetzee*
*Fotokuns.*

# THEO MALAN BUIT ENKELTITEL

**Die P.U.-kampioenskappe wat reeds die afgelope drie weke op die tennisbane van die Puk plaasgevind het, het nou sy einde bereik met Retha le Roux en Theo Malan die wenners van die mans- en dames-enkels.**

Die kampioenskappe was een van die beste van baie jare. Met tye het die spelers sprankelende spel gelewer en was verrassings glad nie uitgesluit nie. So het Retha le Roux vir Anna Venter, die nr. 1 gegradueerde, in die eerste ronde uitgeskakel en daarvandaan verder gegaan om die dames enkels te wen.

Onder die mans was dit Theo Malan wat die louere weggedra het te midde van sterk kompetisie van die kant van Dawie Smit, Lappies Labuschagne, Pieter van der Walt en Gerard Scholtemeijer. Dit is egter jammer dat die kaptein Pieter van der Walt ongesteld was en nie die volle toernooi kon deurgaan nie. Oor die algemeen was die kampioenskappe 'n groot sukses en was daar vir die toeskouer heelwat waarin hy hom kon verlustig.


*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN

in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*


**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**




**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

**As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.**



**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/5877-2A